**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 6/2008

In die aansoek tussen:-

**DIE STAAT** Applikant/Staat

en

**ANDRÉ JACQUES KOTZE** Respondent/Beskuldigde

---

**CORAM:** VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 1 MAART 2010

---

[1] Hierdie is `n aansoek om verlof om te appelleer wat die staat as applikant gebring het teen die vonnisse wat respondent deur my opgelê is op 2 Februarie 2009. Doelmatigheidshalwe is ek voornemens om na die partye te verwys as die die staat en die beskuldigde onderskeidelik.

[2] Beskuldigde het op die volgende aanklagte tereggestaan:

1. Aanklagte 1 tot 3 – verkragting
2. Aanklagte 4 tot 36 – onsedelike aanranding

3. Aanklagte 37 tot 132 – vervaardiging van kinderpornografie
4. Aanklag 133 – besit van kinderpornografie
5. Aanklag 134 - onwettige besit van ammunisie

[3] Beskuligde het op sekere van die aanklagte skuldig gepleit en op sekeres op mindere aanklagte skuldig gepleit, welke pleite nie almal deur die staat aanvaar is nie. Die detail hiervan blyk volledig uit my uitspraak en gaan ek dit nie hierin herhaal nie. Ek volstaan deur te vermeld dat ek as volg op 25 Februarie 2008 met betrekking tot beskuldigde se skuld bevind het:

1. Aanklagte 1 tot 3 – skuldig aan onsedelike aanranding op elke aanklag
2. Aanklagte 4 tot 36 – skuldig aan onsedelike aanranding op elke aanklag
3. Aanklagte 37 tot 132 – skuldig aan die onwettige vervaardiging van kinderpornografie op elke aanklag
4. Aanklag 133 – skuldig aan die onwettige besit van kinderpornografie
5. Aanklag 134 – onskuldig en ontslaan

[4] Beskuldigde is daarop op 2 Februarie 2009 deur my gevonnis. Aanklagte 1 tot 36 is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en is beskuldigde tot 36 maande korrektiewe toesig onder bepaalde voorwaardes gevonnis, sowel as `n verdere 5 jaar gevangenisstraf wat in totaliteit vir 5 jaar opgeskort is. Aanklagte 37 tot 133 is ook saamgeneem vir doeleindes van vonnis en is beskuldigde gevonnis tot `n boete van R30 000.00 (dertig duisend rand) of by wanbetaling 1 (een) jaar gevangenisstraf, sowel as `n verdere 2 (twee) jaar gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is vir 5 (vyf) jaar.

Vanweë die omvangryke aard van die gedetailleerde vonnisse, word dit nie hierin herhaal nie, maar word `n uittreksel uit die oorkonde wat dit reflekteer doelmatigheidshalwe hierby aangeheg en gemerk "X".

[5] Onmiddellik na vonnisoplegging het Juf. Bester, namens die staat, `n skriftelike aansoek om verlof om te appelleer teen die opgelegde vonnisse geliasseer, waarin uiteengesit is dat die aansoek op die volgende gronde berus:

"1. dat die Hof `n skokkende en onvanpaste en/of treffend ontoereikende vonnis opgelê het;

2. dat die Hof die gemeenskapsbelang onderbeklemtoon het ten gunste van die Respondent se persoonlike omstandighede;

3. dat die Hof nie die aard en erns van die misdryf behoorlik in ag geneem het nie;

4. dat die Hof te veel klem gelê het op rehabilitasie;

5. dat die Hof rehabilitasie ten koste van die ander beginsels van straftoemeting oorbeklemtoon het;

6. dat die Hof die sielkundiges se getuienis nie op `n gebalanseerde wyse ge-evalueer het nie."

Mnr. Combrink, namens beskuldigde, het aangetoon dat die aansoek opponeer word, maar versoek dat die aangeleentheid uitgestel word ten einde die verdediging die geleentheid te gee om die uitspraak op die vonnis behoorlik te oorweeg en behoorlik te kan voorberei vir die argumentering en beregting van die aansoek. Sodanige uitstel is verleen en is beskuldigde se borg verleng hangende die finalisering van die aansoek om verlof om te appelleer.

[6] Ten tyde van die argumentering van die aansoek, het Juf. Bester betoog dat ek in besonder beskuldigde se persoonlike omstandighede en sy rehabilitasie oorbeklemtoon het ten koste van die gemeenskapsbelang.

Sy het tydens haar betoog onder andere verwys na Me. Vorster, synde die klaagster se ouma, se getuienis en betoog dat ek nie genoeg waarde geheg het aan haar getuienis met betrekking tot die forserende gedrag van beskuldigde jeens haar as synde aanduidend daarvan dat dit vir beskuldigde net oor sy eie belang gaan en hy geensins insig het met betrekking tot wat hy aan die klaagster gedoen het nie. Dit word, aldus haar betooog, ook bevestig deur die feit dat beskuldigde destyds geweet het hy het `n pedofilie probleem jeens die klaagster, maar ten spyte daarvan het hy steeds met die klaagster se moeder in die huwlik getree.

Juf. Bester het ook verwys na die getuienis van Mev. Ina Theron, `n voorligtingsbeampte, en aan die hand gedoen dat ek `n mistasting rondom my evaluering van haar getuienis begaan het, deurdat ek dit as neutraal beskou het in plaas

daarvan om dit in ag te neem as aanduidend van die rimpel-effek wat beskuldigde se optrede op sy gesin gehad het.

Aldus Juf. Bester se verdere betoog was die kritiek wat ek op Mnr. Jordaan, synde `n sielkundige, en Mnr. Van der Merwe, synde `n geregistreerde maatskaplike werker met 17 jaar ondervinding, se getuienis uitgespreek het en daarteenoor my aanvaarding van Prof. Louw en mnr. Naudé se getuienis ten gunste van die rehabilitasie potensiaal van die beskuldigde, ook aanduidend van my oorbeklemtoning van die rehabilitasie van beskuldigde sonder inagneming van die gemeenskapsbelang.

[7] Mnr. Combrink het daarteenoor betoog dat die aansoek om verlof om te appelleer `n ondeurdagte aansoek is en aan die hand gedoen dat ek op `n ewewigtige wyse die getuienis evalueer het en dat dit duidelik uit my uitspraak blyk dat ek die gemeenskapsbelang wel deeglik in ag geneem het. Volgens sy betoog was daar ook geen mistasting deur my begaan nie. Hy het versoek dat die aansoek van die hand gewys word.

[8] Ek het my deeglik vergewis van die onderskeie regsverteenwoordigers se betoë en ook weer my uitspraak op vonnis bestudeer. Hoewel ek steeds van oordeel is dat ek wel die getuienis op behoorlike wyse evalueer het en al die elemente en oogmerke van strafoplegging op ewewigtige wyse in ag geneem het, met insluiting van die korrelasie tussen beskuldigde se rehabiltasie en die belang wat die gemeenskap juis ook daarin het, is dit egter nie die toets nie. Ek meen dat by die toepassing van die geykte toets in `n aansoek om verlof om te appelleer ter sprake, ek nie kan bevind dat daar nie `n redelike moontlikheid bestaan dat `n ander hof tot `n ander gevolgtrekking kan kom met betrekking tot die opgelegde vonnisse nie, in besonder moontlik op die basis dat die opgelegde vonnisse skokkend lig en onvanpas is. Gevolglik is ek van oordeel dat die verlof soos versoek deur die staat, toegestaan behoort te word.

[9] Wat betref na welke forum sodanige verlof om te appelleer toegestaan moet word, het Juf. Bester in haar aansoek aangedui dat verlof gevra word om na die Volbank van hierdie afdeling te appelleer. Ten tyde van die aanhoor van die aansoek, was almal dit eens dat indien verlof verleen sou

word, dit aldus verleen moet word. Voordat hierdie uitspraak egter gefinaliseer is, het Juf. Bester deur middel van my sekretaris my aandag laat vestig op die uitspraak in **S V MNGOMA 2009(2) SASV 447 (ECD)** waaruit dit duidelik blyk dat by nalees van artikel 316B van die Strafproseswet, wet 51 van 1977, synde die tersaaklike artikel wat handel met appélle deur die Staat teen opgelegde vonnisse, daar in sodanige gevalle na die Hoogste Hof van Appél geappelleer moet word. Ek is Juf. Bester dank verskuldig dat sy my tydig hierop attent laat maak het.

[10] Laastens wens ek te vermeld dat bewysstuk "A", synde die foto album bevattende die fotos waarop die klaagster reflekteer word, sowel as die twee kompakskywe wat as bewysstukke 1 en 2 ingehandig is, welke ook die klaagster reflekteer, sedert dit as bewysstukke ingehandig is, deur my in veilige bewaring gehou is ten einde te verhoed dat dit geneem of besigtig word gedurende die stadiums wat die hofleêr in die administratiewe sisteem opgeneem en hanteer is. Vir dieselfde redes is ek is voornemens om dit sodanig by my te behou tot tyd en wyl dit benodig word vir doeleindes van die samestelling van die rekord, op welke stadium die

tersaaklike verantwoordelike persoon of instansie dit vanaf my sekretaris kan verkry.

[11] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Verlof word aan die staat verleen om teen die totaliteit van die opgelegde vonnisse na die Hoogste Hof van Appél te appelleer.
2. Beskuldigde se borg word verleng op dieselfde voorwaardes hangende die finalisering van voormelde appél.

**C. VAN ZYL, R**

Namens applikant/staat: Adv. A. Bester
In opdrag van:
Direkteur Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

Namens respondent/beskuldigde: Adv. D.J. Combrink
In opdrag van:
Mnr. J. Ellis
Jan Ellis Prokureurs
Potchefstroom